TOM NEWBY SCHOOL

Vak	**Afrikaans**	**Eksaminatrise**	**Mej. M. Botha**
Datum	**Junie 2021**	**Totale punte**	**60**
Graad	**7**	**Tydsduur**	**2 ure**
		Moderatrise	**Mev. M. Fourie**
Spesiale instruksies	**Geen woordeboeke.** **Antwoord op die vraestel.**		

This Exam has been compiled using notes and information contained in the Tom Newby School book. The marking memorandum has been compiled accordingly. While alternative responses will be given due acknowledgement, the official memorandum will be considered a priority document to ensure uniformity of marking.

Naam:	**Van:**	**Klas:**

Hierdie vraestel bestaan uit:

Vraag 1: Literêre / nie-literêre teks /20
Vraag 2: Visuele teks /10
Vraag 3: Opsomming /10
Vraag 4: Taalstrukture en konvensies /20

TOM NEWBY SCHOOL

Vraag 1: LITERÊRE / NIE-LITERÊRE TEKS

Lees die teks en beantwoord die vrae wat volg.

<u>Koerantberig</u>: 1, 2 ... 17 hondjies – en almal is gesond!

Blanché de Vries Dinsdag 3 Desember 2013

1. KAAPSTAD – Dit was drie-uur die oggend toe Koos die eerste gekla gehoor het. Agt ure later was daar 17 klein rottweilertjies.
2. Koos en Belinda Human van Bellville het later opgehou tel. Hulle het net probeer om hulle tweejarige rottweiler, Xeena, te help terwyl haar 17 kleintjies gebore word.

3. “So net na middernag die Dinsdag-oggend maak Xeena my wakker, want sy wou uitgaan. So teen drie-uur se kant hoor ek ’n snaakse geluid buitekant. Ek hardloop toe vinnig uit en sien die eerste hondjie daar lê. Daarna is een na die ander gebore,” het Koos vertel. Hy het gesê hulle het nie gedink dat daar so baie hondjies sou wees nie.
4. “Normaalweg is daar tussen agt en tien hondjies. Van tien af word dit toe 11, 12, 13 en 14. Toe hou ons op tel.” Die Humans beplan om van die hondjies te verkoop.
5. Hulle moet die hondjies elke twee uur voer. Op die oomblik het hulle 21 diere in die huis. Behalwe Xeena en haar hondjies, is daar nog ‘n hond en twee katte.
6. “Die hondjies is baie gesond. Daar is nie een wat nie wil drink nie. Hulle trap en klim bo-oor mekaar om aan Xeena te drink.” Die Humans verdeel die hondjies in groepies van vier of vyf om te drink. “Van hulle word ook met die hand gevoer,” het Belinda gesê.
7. Koos kon nie op die internet inligting kry oor so baie hondjies wat gebore is en oorleef het nie. Dr. Sanel Lourens, ‘n veearts, het gesê sy het ook nog nooit van ’n hond gehoor wat 17 kleintjies gehad het nie. “Dit is regtig baie. Dit is fantasties dat almal nog lewe.”

Verwerk uit: Beeld, 3 Desember 2013

Aantal woorde: 282

TOM NEWBY SCHOOL

Vrae:

Nadat jy die koerantberig sorgvuldig deurgelees het, beantwoord die volgende vrae in volledige sinne. Onthou: Geen Engels.

1.1 Onderstreep die regte antwoord: Die hondjies is (in die dag / in die nag) gebore. (1)

1.2 Die hondjies was amper soos ‘n Kersgeskenk vir Koos en Belinda.

1.2.1 Is dit waar of onwaar? (1)

_____

1.2.2 Gee ’n rede vir jou antwoord. (1)

_____

_____

1.3 Onderstreep die korrekte antwoord. (1)

Koos en Belinda het ophou tel hoeveel hondjies gebore word want ...

A) hulle wou Xeena nie pla nie. B) daar was te veel hondjies.

C) hulle het moeg geword. D) hulle het Xeena gehelp.

1.4 Hoeveel hondjies is gebore? (1)

_____

1.5 Hoeveel hondjies kry rottweilers gewoonlik? (1)

_____

1.6 Hoeveel keer word die hondjies in 24 uur gevoer? (1)

_____

1.7 Die hondjies moes baie gevoer word. Hoe dink jy het die Humans gevoel? (1)

Omkring die regte antwoord.

A) Lui

B) Vol energie

C) Doodmoeg

D) Kwaad

1.8 Skryf een woord uit die leesstuk neer wat vir jou sê dat die hondjies gesond was. (1)

_____

1.9 Al die hondjies wou eerste ’n kans kry om aan hulle ma te drink. Skryf ’n sin uit die leesstuk neer wat dit vir jou vertel. (1)

_____

_____

TOM NEWBY SCHOOL

1.10 Vul een woord in die spasie in: Party honde drink uit ’n _____ en party drink aan Xeena. (1)

1.11 Waar het Koos probeer uitvind oor ander honde wat so baie hondjies gekry het? (1)

_____

1.12 Dr. Sanel Lourens is ’n veearts. Sê in jou eie woorde wat ’n veearts doen. (1)

_____

_____

1.13 Dr. Sanel Lourens is bly dat dit goed gaan met die hondjies.

1.13.1 Is dit waar of onwaar? (1)

_____

1.13.2 Gee ’n rede vir jou antwoord. (1)

_____

1.14 Wie het hierdie berig geskryf? (1)

_____

1.15 Waar bly Koos en Belinda? (1)

_____

1.16 Waar sal ’n mens so berig lees? (1)

Omkring die regte antwoord.

A) Tydskrif

B) Advertensie

C) Koerant

D) Pamflet

1.17 Wanneer is die berig geskryf? (1)

_____

1.18 Hoe sal jy voel as jou hond so baie kleintjies kry? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1)

_____

_____

Totaal vraag 1: 20

TOM NEWBY SCHOOL

Vraag 2: VISUELE TEKS

Bestudeer die advertensie en beantwoord die vrae wat volg:

WORSHONDJIE TE KOOP!

Swart en-bruin opregte worshondjie te koop Agt weke oud R 1400

Kontak Dieter 083 695 4131 Johannesburg

Wat jy van die worshondjies behoort te weet:

1. Baie intelligent
2. Huishondjies
3. Goeie waghonde
4. Kan maklik oorgewig word
5. Word baie lief vir hulle familie
6. Hou daarvan om te reis
7. Lief vir kinders
8. Het gereelde oefening nodig
9. Moet twee maal per week geborsel word

TOM NEWBY SCHOOL

2.1 Waar sal die advertensie geadverteer word? (1)

_____

2.2 Wat word geadverteer? (1)

_____

2.3 Wat beteken die woord “opregte”? (1)

_____

2.4 Hoe oud is die hondjie wat geadverteer word? (1)

_____

2.5 Dink jy, dis ’n goeie ouderdom om ’n hondjie te verkoop? Verduidelik. (1)

_____

_____

2.6 Hoeveel gaan jy moet betaal as jy hierdie hondjie wil hê? (1)

_____

2.7 Beskryf die hondjie in die prentjie in drie woorde? (1)

_____

2.8 Wat beteken dit as die advertensie sê dat die hondjie maklik oorgewig kan word? (1)

_____

2.9 Hoe sal jy gereelde oefening vir die hondjie gee? (1)

_____

2.10 Het jy enige troeteldiere? Waarom / waarom nie? (1)

_____

_____

Totaal vraag 2: 10

Vraag 3: OPSOMMING

Instruksies:

- Lees die storie “Pa, koop asseblief vir my ’n worshondjie!” sorgvuldig deur.
- Onderstreep die hoofgedagtes in elke paragraaf.
- Gebruik die hoofgedagtes en som die inligting van die leesstuk op.
- Skryf net 7 sinne onder mekaar neer.
- Gebruik tussen 40 en 50 woorde vir jou opsomming.

Pa, koop asseblief vir my ’n worshondjie!

1. Melissa het deur die koerant geblaai toe sy die advertensie gesien het. Sy was baie bly dat Dieter in Johannesburg bly, want nou kon hulle na die hondjie gaan kyk. Melissa se pa wou nie ver ry nie.

2. Haar ouers het besluit om die hondjie te koop nadat hulle hom gesien en vasgehou het. Hulle het ook voor die tyd navorsing gedoen oor worshondjies en gelees dat hulle baie goeie waghonde is.

3. Melissa het die hondjie Frankie genoem omdat Frankie vir haar ’n mooi naam is. Sy maak seker dat Frankie die regte kos eet anders sal hy maklik siek word.

4. Frankie hou daarvan om geborsel te word hy lê gewoonlik doodstil, maar Frankie hardloop elke keer weg as Melissa hom wil bad. Frankie klim elke keer saam met die gesin in die motor wanneer hulle iewers heen ry.

TOM NEWBY SCHOOL

5. Melissa moes belowe dat sy elke middag met Frankie sal gaan stap omdat hy oefening moet kry. Almal in die huisgesin kan sien dat Frankie baie slim is daarom leer hulle hom toertjies.

6. Melissa se ma het gesê Frankie kan in ’n mandjie in haar kamer slaap of hy kan op haar bed slaap. Vanmiddag gaan Melissa vir Frankie bad sodat hy weer mooi skoon is.

7. Melissa se twee broers wil die heeltyd met Frankie speel, maar Frankie word gou moeg en wil dan liewer slaap.

Aantal woorde: 231

Aangepas uit: Woema boeke Graad 7

TOM NEWBY SCHOOL

Eerste weergawe:

Aantal woorde: _____

Finale weergawe:

Aantal woorde: _____

Totaal vraag 3: 10

Vraag 4: TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES

Gebruik die koerantberig '1, 2 ... 17 hondjies – en almal is gesond!' om die vrae te beantwoord:

4.1 Onderstreep die **eienaam** in die volgende sin. (1)

Dit was drie-uur die oggend toe Koos die eerste gekla gehoor het.

4.2 Voltooi die **trappe van vergelyking**: (1)

snaaks _____ snaaksste

4.3 Gee die **intensiewe vorm** vir die onderstreepte woord: (1)

Ek hardloop toe <u>vinnig</u> uit en sien die eerste hondjie daar lê.

_____

4.4 Verdeel die volgende woord in **lettergrepe** op en dui aan of dit oop of geslote is: (1)

opgehou _____

TOM NEWBY SCHOOL

4.5 Verdeel die volgende woord in **klankgrepe** op: (1)

tussen _____

4.6 Skryf die volgende woorde in **alfabetiese volgorde** neer: (1)

eerste, probeer, hondjies, verkoop

_____

4.7 Vul die korrekte **lidwoord** in die volgende sin in. (1)

Ek soek _____ hondjie. (enige een)

4.8 Watter een van die volgende woorde is ‘n **samestelling**: (1)

A) hondjies

B) uitgaan

C) agt

D) internet

4.9 Gee ’n **sinoniem** vir die onderstreepte woord: (1)

Dit is <u>fantasties</u> dat almal nog lewe. _____

4.10 Gee ’n **antoniem** vir die onderstreepte woord: (1)

Dit is regtig <u>baie</u>. _____

4.11 Skryf ’n **stelsin** uit die koerantberig neer. (1)

_____

_____

4.12 Gebruik **S v1 TOMP V2 I** en skryf die dele van die sin in die regte volgorde neer. (1)

[geslaap] [het] [Xeena] [lekker] [na die geboorte].

_____

4.13 Gee die **meervoud** van <u>reis</u>: _____ (1)

4.14 Wat is die regte **ontkenningsvorm** van die volgende sin: (1)

Die hondjies is baie gesond.

A) Die hondjies is nie baie gesond.

B) Die hondjies is baie gesond.

C) Die hondjies is baie gesond nie.

D) Die hondjies is nie baie gesond nie.

4.15 Vul die **infinitief** op die regte plek in die sin in. (1)

Koos en Belinda het vir Xeena gehelp (geboorte gee).

_____

TOM NEWBY SCHOOL

4.16 Verbind die sinne met die **voegwoord** tussen hakies. (1)

Ek wil een hondjie hê. Ek dink hulle is oulike waghonde. (want)

_____

_____

4.17 Skryf die volgende sin in die **verlede tyd**. (1)

Hulle moet die hondjies elke twee uur voer.

_____

4.18 Verander die volgende sin van die direkte rede na die **indirekte rede**. (1)

Koos vertel: “Ek sien die eerste hondjie daar lê.”

_____

_____

4.19 Vul ’n gepaste **byvoeglike naamwoord** in om Xeena te beskryf. (1)

Xeena is ’n _____ hond.

4.20 Vul die korrekte **voornaamwoord** in. (1)

Koos en Belinda bly in die Kaap. _____ is van Bellville af.

Totaal vraag 4: 20

Groottotaal: 60

TOM NEWBY SCHOOL

Graad 7 Arikaans Addisioneel Junie Eksamen 2021

Prestasie evaluering

(Vir onderwyser gebruik alleenlik)

Naam en Van: _____ Klas: 7 ___

	Vraag 1	**Vraag 2**	**Vraag 3**
Moontlike punt	20	10	10
Leerder punt			

Vraag 4

Vraag nommer	4.1	4.2	4.3	4.4	4.5	4.6	4.7	4.8	4.9	4.10
Moontlike punt	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1
Leerder punt										

Vraag nommer	4.11	4.12	4.13	4.14	4.15	4.16	4.17	4.18	4.19	4.20
Moontlike punt	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1
Leerder punt										

/20

TOM NEWBY SCHOOL